15 AUGUSTUS 2010 **OGGENDDIENS**

PASTOOR DION VD MERWE

VERBORGENHEID VAN DIE ROEPING VAN DIE HEIDENE

DIE BOEK EFESIëRS
EFESIëRS 3: 1 - 13

“Om hierdie rede is ek, Paulus, die gevangene van Christus Jesus vir julle wat heidene is—
as julle ten minste gehoor het van die bediening van die genade van God wat aan my verleen is vir julle,
dat Hy aan my deur ‘n openbaring bekend gemaak het die verborgenheid, soos ek tevore kortliks geskryf het;
waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die verborgenheid van Christus kan verstaan,
wat in ander tye aan die mensekinders nie bekend gemaak is nie soos dit nou aan sy heilige apostels en profete geopenbaar is deur die Gees, naamlik
dat die heidene mede-erfgename is en medelede van die liggaam en mededeelgenote aan sy belofte in Christus deur die evangelie
waarvan ek ‘n dienaar geword het, volgens die gawe van die genade van God wat aan my gegee is ooreenkomstig die werking van sy krag.
Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die heidene die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig,
en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus,
sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word,
volgens die ewige voorneme wat Hy opgevat het in Christus Jesus, onse Here,
in wie ons die vrymoedigheid en die toegang het met vertroue deur die geloof in Hom.
Daarom bid ek dat julle nie moedeloos word by my verdrukkinge ter wille van julle nie. Dit is julle eer.”

Inleiding

Paulus skryf van ‘n verborgenheid wat aan hom geopenbaar is dat nie – Jode ook deel van die koninkryk van God word.
Hy beskou dit as ‘n voorreg om die opdrag van God te ontvang het en dit uitgeleef het om die evangelie ook aan nie-Jode te verkondig.
En dan kom Hy in vers 13 en gee perspektief op Sy lyding.

1. DIE VERBORGENHEID

Vers 1-6
“Om hierdie rede is ek, Paulus, die gevangene van Christus Jesus vir julle wat heidene is—
as julle ten minste gehoor het van die bediening van die genade van God wat aan my verleen is vir julle,
dat Hy aan my deur ‘n openbaring bekend gemaak het die verborgenheid, soos ek tevore kortliks geskryf het;
waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die verborgenheid van Christus kan verstaan,
wat in ander tye aan die mensekinders nie bekend gemaak is nie soos dit nou aan sy heilige apostels en profete geopenbaar is deur die Gees, naamlik
dat die heidene mede-erfgename is en medelede van die liggaam en mededeelgenote aan sy belofte in Christus deur die evangelie”

Paulus was juis in die tronk omdat hy die evangelie aan nie- Jode verkondig het.
Dit wat Hyself teegestaan het doen hy nou en dit is die verkondiging van Jesus Christus.
Die Kerk was in die Ou Testament ‘n “verborgenheid”
Swaarkry en in die wil van God te wandel word altyd beloon.
Die Here is getrou.
God se plan was vir die vorige geslagte ‘n geheimenis. Nou het God dit geopenbaar.

Reeds in die Ou Testament is daar gesê dat daar vir nie-Jode verlossing is.

Jesaja 49:6 **“Hy het gesê: Dit is te gering dat U my Kneg sou wees om op te rig die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes in Israel: Ek het U gemaak tot ‘n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde.”**

Jesaja 56:6-7 **“En die uitlanders wat hulle by die HERE aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van die HERE lief te hê deur sy knegte te wees—elkeen wat die sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en hulle wat vashou aan my verbond,**
hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal ‘n huis van gebed genoem word vir al die volke.”

Vir al die **volke**.

2. <u>VOLGENS GOD SE EWIGE VOORNEME</u>

<u>Efes. 3:11</u> – "volgens die ewige voorneme wat Hy opgevat het in Christus Jesus, onse Here,"

<u>ENGELS</u> " ACCORDING TO <u>HIS ETERNAL PURPOSE</u> WHICH HE ACCOMPLISHED IN CHRIST JESUS OUR LORD"

<u>SY EWIGE VOORNEME</u>

VERS 10 >>>>> <u>DEUR DIE GEMEENTE</u>

Die Kerk was nog altyd deel van God se plan – beslis nie 'n byvoegsel of 'n aangeplakte **<u>iets</u>** nie.

In God se voorkennis nog altyd deel van Sy volmaakte plan.

Nie 'n plan B nie >>>>>> **<u>Efes.3:16</u>" dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens,"**

Met krag versterk te word deur Sy Gees in die innerlike mens.

<u>Rigters 14:6</u> "Maar die Gees van die HERE het oor hom vaardig geword; en hy het dit verskeur soos 'n mens 'n bokkie verskeur sonder dat daar iets in sy hand was; maar hy het sy vader en sy moeder nie vertel wat hy gedoen het nie."

Simson verslaan die jong leeu deur die krag van God se Gees.

<u>1 Sam.16:</u>13 **"Samuel neem toe die horing met olie en salf hom te midde van sy broers, en die Gees van die HERE het van dié dag af en verder oor Dawid vaardig geword. En Samuel het klaargemaak en na Rama "gegaan."**

<u>Lukas 4:14</u> "**En Jesus het in die krag van die Gees na Galiléa teruggekeer, en daar het 'n gerug aangaande Hom deur die hele omtrek uitgegaan;"**

<u>Handelinge 1:8</u> "maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde."

<u>2 Tim. 1:7</u> "**Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing."**

Die krag van God in die Nuwe Testament – 'n Krag van Binne –

<u>Efes.3:19 – 21</u>" en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.
En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk,
aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen."

God is in staat>>>>>>

Die resultaat >>>> aan Hom die Heerlikheid.

SLOT

DIE KERK -

‘N VERBORGENHEID –

KRAGTIG DEUR DIE GEES –

TOT SY HEERLIKHEID!!!!